LEWENSVERRYKING SEMINARE

NUUS

Posbus 54249, Ninapark, 0156
E-pos: info@lewensverryking.co.za
Tel. 012 546 8098/8413/8479 Faks 012 546 8690
Webtuiste: www.lewensverryking.co.za

Uitgawe **September 2009**

Wie is jy en waarheen is jy oppad?

1 Petrus 1:15-16, 2:9-12

Tucker vertel ‘n verhaal van ‘n ryk Amerikaanse man wat eenmaal in ‘n bos verdwaal het. Toe hy byna totaal radeloos was, is hy deur ‘n veldwagter gevind. Die veldwagter vra hom toe: “*Wie is jy, meneer, en waarheen is jy op pad?”* Die ryk man was so verlig dat hy die veldwagter ‘n pos en vergoedingspakket (wat hy nie kon weier nie) aangebied het. ‘n Deel van die veldwagter se nuwe opdrag was om sy nuwe baas elke dag te vra: *“Wie is jy, meneer, en waarheen is jy op pad?”*

Sal jy elke dag hierdie vraag wil hoor? Dit is nogal sterk konfronterend in die sin dat jy moet dink wie jy is. Waarmee is jy werklik besig is en wat is die koers wat jy met jou lewe inslaan? (Dink gerus hieroor na.) As dit kom by Christenwees, is dit ook ‘n vraag wat ons elke dag vir onsself moet afvra: “*Wie is jy en waarheen is jy oppad?”*

Hierdie vraag is ten diepste ‘n vraag na ons ***identiteit***. Vir ons as Christene beteken dit dat ons meer en beter sal verstaan wie ons werklik *in Christus* is. Eers dan sal ons gemotiveerd wees om te gaan waarheen God met ons oppad is.

As ons na die eerste brief van Petrus kyk, sien ons dat hy vir die Christene skryf om die beeld van die kerk (elke Christen) te herstel, want hulle word vervolg en onderdruk. Hierdie lyding maak dat hulle fokus begin verloor, weg van *wie hulle is* en *waarheen God met hulle oppad is.* En dit wat Petrus dan op ‘n meesterlike wyse kom doen, is om hulle die hele tyd, soos die veldwagter, te kom herinner aan *wie hulle in Christus is.* Ons noem dit ons ‘***indikatief***’. En dit volg hy telkens op met die ‘imperatief’: ”*Waarheen is God met jou oppad? Waar wil God jou hê? Watter lewensverandering wil God in jou lewe sien?”* Die imperatief is God se opdrag vir ons en dit volg altyd op *wie ons is*. Kom ons kyk hoe gebruik Petrus dit en wat die implikasie vir ons is.

***(i) "... julle is 'n uitverkore volk..."* (2:9a)**

Israel was God se uitverkore volk. Maar in Christus het Hy vir Hom 'n nuwe volk uitverkies. Die kerk, almal wat deur geloof aan Christus verbind is, behoort aan hierdie volk. Dit is *wie ons in Christus is*. Dit is ons Godgegewe identiteit. Maar, *waarheen is God oppad* met sy uitverkore volk? Ons is deur Hom uitgekies om Hom alleen te dien en tot sy eer te leef. Dit is wat God van sy kinders verwag**.**

***(ii) " ... (julle is) 'n koninklike priesterdom"* (2:9a).**

Heel eerste word gesê dat ons konings is. Konings se funksie is om te regeer. Waarheen is God dus met ons oppad? Hy het ons konings gemaak en Hy verwag van ons om te regeer. Te regeer (natuurlik deur die krag van die Heilige Gees) oor die sonde, die self en die wêreld. Hy het ons ook priesters gemaak, priesters van die Koning. Priesters in die Ou Testament het volkome in diens van die Tempel gestaan en moes namens mense by God intree en diere offer. Omdat Christus ons volkome offer is, hoef ons nie meer diere te offer nie. Waarheen is God dus met ons as priesters oppad? Heel eerste moet ons onophoudelik geestelike offers van lof en danksegging aan God bring (Hebr.13:15). Ons moet ook ons lewe en alles wat ons besit as 'n offer aan God wy (Rom.12:1-2). En as priesters word van ons verwag om konstant vir die nood van die wêreld in gebed by God in te tree. As Priesters staan elkeen van ons dus volkome in diens van ons Koning.

(iii) Julle is 'n heilige volk

Soos Hy wat julle geroep het heilig is, moet julle ook in julle hele lewenswandel heilig wees (1:15). Heilig beteken om deur iemand afgesonder te wees vir spesiale gebruik. Ons is nie in onsself heilig nie, maar geheilig deur die bloed van Jesus Christus. Hy het ons regverdig verklaar. Hy het Hom vir ons afgesonder van die wêreld sodat Hy ons vir 'n spesiale doel in hierdie wêreld kan gebruik. Daarom dat Petrus ook sê dat *ons "vreemdelinge en bywoners"* in die wêreld is (v.11). God het ons uitgekies en vir Hom afgesonder om in hierdie wêreld juis anders te leef as die mense van die wêreld. Deur die krag en die werking van die Heilige Gees moet ons ons identiteit so uitleef dat die wêreld Jesus in ons kan sien (2 Kor.3:18, Gal.5:22).

***(iv) " (julle is) die eiendomsvolk van God..."* (2:9b)**

Ons behoort nie meer aan onsself nie. Ons is nou God se eiendom. Ons is duur gekoop deur die bloed van Christus. Ons beskik nie meer oor ons lewe, liggame, tyd en eiendom soos ons wil nie. God besit ons en ons moet tot sy beskikking wees. En wanneer ons dit van onsself

weet, weet ons ook waarheen God met ons oppad is. Petrus sê so duidelik dat God ons sy eiendom gemaak het om in hierdie wêreld "*die verlossingsdade te verkondig van Hom wat ons uit die duisternis geroep het na sy wonderbaarlike lig"* (2:9b).

Die gemeente is dus anders omdat ons *in Christus* is. Ons is mense wat deel in die heil wat God bewerk het. Ons verskil radikaal van die wêreld in die sin dat ons nie meer dieselfde is en bly nie. Ons is nuwe mense (2 Kor.5:17) wat al meer verander word na die beeld van Christus (2 Kor.3:18). Ons word voortdurend deur God verander deur die vernuwing van ons denke en lewens (Rom.12:2). Juis omdat daar soveel met ons as gelowiges gebeur het, hou ons aan om te vernuwe. Omdat ons *in Christus* is, *deur Christus* aan die Vader behoort en die Heilige Gees in ons woon, kan ons al hoe meer ***word*** *(verander),* ***wees*** en ***doen*** wat God in en deur ons wil doen.

Kom ons maak dit 'n gewoonte om elke dag te vra: *"Wie is ek* en *waarheen is God met my oppad?"*

Deon van der Berg

Ons eerste vroueseminaar!!!

Ons eerste Vroueseminaar was in meer as een opsig 'n bederfgeleentheid. Die tema het gesentreer rondom blomme. Op die foto links is ons sprekers,
Liezel Stewart en Corlie van der Berg (middel en regs) en die skryfster van die boek *Water your soul,* Liz Myburgh, wat Sondagoggend as gasspreker opgetree het. Die blomme by hulle op die tafel het elk 'n spesifieke aspek van die tema verteenwoordig. Die bederf was volop:'n Roos by elke dame se sitplek; 'n heerlike geskenkpakkie van Aloe Ferox af vir elkeen; dan ook 'n pragtige armband wat die vrug van die gees weerspieël. (Foto regs). Die vrouens was omtrent in hul skik daarmee (Seminaarvriende het die koste gedra).

Terugvoer van seminaargangers

- WOW – dit was 'n belewenis – so ongelooflik dankie vir julle almal se bereidwilligheid om instrumente vir die Here te wees en om te sorg dat ons wat verlore is en die pad byster raak, weer besef waaroor die lewe gaan! Ek het opnuut besef dat ek 'n Koningskind is en is so opgewonde daaroor en niemand gaan dit van my wegvat nie!

- Wonderlik hoe ons ons liggaam, siel en gees kon voed en sommer met baie nuwe ywer weer die pad aanpak. Ons het ook sommer baie lekker weer ge"bond" met mekaar. Nuwe vriendskappe is gesluit, kliënte het vriendin-ne geword, vriendinne het sussies geword - ag ons is ryklik geseën!!
- Omdat ek my lewe lank baie gelees het, word ek selde verras met nuwe inhoude by ’n seminaar. Gevolglik het ek ook nie met veel verwagting na die Vroueseminaar toe gegaan nie. Die passie en liefde vir die Here wat uit die sprekers gestraal het, het my egter aangegryp en geïnspireer om dit wat die Here vir my gee om te doen, ook so met passie vir Hom te doen. Juanita du Plessis se *Ek vlieg hoog* het vir my ‘n hele nuwe betekenis gekry, en kort-kort herinner ek myself weer:”Ek kan, ek kan, ek kan!!!”

Voete en hande was

As jy by Lewensverryking betrokke is, is daar een ding wat jy goed van weet en dit is vergifnis en hoe dit werk en hoe ‘n belangrike opdrag dit van God is en dat dit ‘n lewenswyse moet wees.

So om en by twee jaar gelede het ek en ‘n gebedsvriendin oor vergifnis gesels en het sy vir my ‘n stuk gelees uit Max Lucado se *Net Soos Jesus* boekie, (as jy wil weet of jy iemand vergewe het, vra jouself af of jy bereid is om sy voete te was). Op hierdie stadium het ek geglo dat ek klaar is met vergifnis en dat ek dit ten volle gedoen het.

Maar toe sy dit vir my lees en ek dit “hoor” was dit asof ‘n storm in my losbars en alles net sommer uitborrel, net die blote gedagte daaraan het my laat besef hoe diep my pyn nog lê en hoe geweldig groot die seer nog is. Aan die eenkant het ek dadelik geweet dit is wat God van my verwag en aan die anderkant was dit vir my onmoontlik. Ek het nooit enige positiewe fisiese kontak van enige van my ouers ontvang nie en dus het die vyand al vroeg in my lewe die leuen kom plant dat fisiese kontak baie, baie sleg is. Ek kon die gedagte aan fisiese kontak tussen my en my ma glad nie hanteer nie. Uit my ondervinding met alles wat ons deur Lewensverryking by Jesus leer, het ek geweet dis Satan se leuen wat dit vir my onmoontlik maak, maar die patroon was net te diep gewortel.

Soos die tyd verloop het, het die begeerte om te doen wat die Here wil, net al sterker geword, en niks anders het vir my saak gemaak nie. Ek het dit ook aan ons Vader gesê en gevra dat Jesus my en my ma moet voorberei en dat ek op Hom sal wag.

En hoe het die Here nie die pad gelyk gemaak nie. Toe ons by die vroueseminaar kom, het Corlie die mooiste hoekie gemaak vir hande was. Ek het van die eerste oomblik af geweet dit is wat ek moet doen. Ek het dadelik geweet dit is ’n oefen-geleentheid, aangesien die kontak ding vir my nog ‘n groot issue was.

Saterdagnamiddag kon ek en my borg ‘n wonderlike ervaring deel. Dit was vir my die intiemste ding wat ek nog ooit met iemand anders as my man beleef het. Dit was absoluut bevrydend en Jesus het werklik groot seer, hartseer en pyn kom genees met hierdie daad van diensbaarheid, dit was lekkerrrr.

Wie sou nou kon dink dat ‘n hokkie met handewas-fasiliteite (Êrens was iemand anders ook gehoorsaam aan ‘n opdrag wat God gegee het!) en so ‘n klein gebaar van nederigheid so ‘n groot invloed op my lewe kon hê. Dit is net so *awesome* hoe die Here alles al voor die tyd in plek gekry en laat saamwerk het.

Die naweek wat verby is, kon ek my moeder se voete was met die grootste deernis en liefde en vergifnis en respek en eer, wat ek weet uit Christus gebore is. Daar was baie trane by my moeder en ek weet verseker dat God hulle ook uitverkies het vir Sy redding en dat Hy op die regte tyd ons gebede sal verhoor, want ons bid volgens Sy wil, wat is dat almal hulle moet bekeer.
Sandra Eckard

Ons eerste manneseminaar

Ek het altyd gedink jy sou my nie eens dood by ‘n seminaar kry nie, maar nou dink ek ek was alreeds so ‘n bietjie dood. Ek glo die HERE het vir Tienie op my pad gesit om ontslae te raak van hierdie skaamheid wat ek gehad het om GOD te prys. Ons is tans besig met ‘n 40 dae van doelgerigte lewe kursus by ons kerk en ek beleef dat GOD ‘n ongelooflike GOD is. Hy het hierdie tyd in my lewe vir my eenkant gesit en Hy maak dit so spesiaal. Ek het geen vrees om die Woord te spreek nie en Soos Dawie gesê het, gebruik ek sóms woorde.

My vrou het gisteroggend in haar gebed die Here gedank vir ‘n man soos ek. Vir ‘n oomblik wou ek opspring en jubel, en toe besef ek skielik dat sy nog altyd vir my wag om die koning, priester en profeet van ons huis-houding te wees.

Ek kan nou met ‘n groter kalmte Bybelstudie doen (En nou doen ek en Michelle dit soggens saam). Ek bid asof ek in ‘n vriendskap met GOD staan en ek weet dat GOD ‘n plan met my het wat nie sommer net nog ‘n plan is nie.

My verwagtinge vir ‘n Manneseminaar was sodanig dat geen mens daarby sou kon uitkom nie en toe bewys GOD dat Hy geen mens is nie. Alles van die seminaar het my geraak. Die lofprysing, die akkomodasie, die kos, die kleingroepe, die groot sessies, die boekwinkel, Rene se hulp en wyse woorde en sommer die glimlagte van elke ou wat my opreg gegroet het. As daar nou een ding is wat ek kan uitsonder van die naweek is dit die broederlike liefde wat ervaar is deur ‘n klomp honger manne.

Ek is een van 10 kinders en is werklik lief vir elkeen van my broers en susters in hulle eie way, maar die eensgesinde liefde en opregtheid wat ons hier ervaar het, beteken vir my baie nie net omdat dit lekker was nie, maar bevestig ook dat ek hier ’n *supportstructure* het wat my sal dra as ek moeg raak en sal water gee nog voor ek dors raak.

Dit sal great wees as Lewensverryking met ons almal kontak hou en ons gereeld weer die geleentheid kan bied om nuwe manne saam te bring. En dit moet gou wees want ek sal al ‘n bus moet huur soos ons nou aangaan.

Baie dankie vir die speelveld wat julle geskep het wat dit vir my makliker gemaak het om my Here te ontmoet.

Geloof is **MAGIK** (**M**y **A**mazing **G**OD **I**s **K**ing)

Koert Henning

Nog ’n paar manne se kommentaar:

- Ek kon die kanker van selfverwyt oor my egskeiding uit my kry. Was al op ’n paar ander instansies se mannekampe, o.a. op Mabula s’n, maar hierdie een was verseker iets besonders.
- Die veranderinge wat duidelik in mense rondom my plaasgevind het, was vir my die hoogtepunt van die seminaar.

- Dis moeilik om te sê wat die hoogtepunt van die seminaar vir my was, maar die stelling: “Wat is ‘n mens se lewe werd? God se bloed”, was vir my ‘n oog-/hartoopmaker.
- Was nogal moeilik om my vrou, wat ek nog nie het nie, te seën, maar ek neem kennis dat ek dit kan doen wanneer ek dan wel een het!

Egpaar opvolgseminaar

Ek en my vrou het die Egpaar seminaar in Desember 2008 bygewoon en die Egpaar Opvolg in Junie 2009. Die Opvolg was vir ons baie spesiaal en ons het ‘n klomp waardevolle lesse weer in ons huwelik gevestig. Vir my was die verrykendste om te leer dat God oor my en oor my huwelik droom. God se droom sluit baie aspekte in, insluitend die intimiteit tussen lewens maats. Daar word soveel moeite gedoen met die Opvolg seminaar wat dit regtig ‘n baie spesiale bederf naweek maak.

Wat regtig kosbaar is – is weereens hoe die Here getrou was met ons groepie en die hegte vriendskape wat gevorm word in ‘n veilige omgewing. Ek kan eerlikwaar getuig oor ‘n groot seën en salwing oor ons huwelik na die opvolg seminaar. Maar soos alles op Lewensverryking moet jy terug gaan huis toe en dit wat jy leer gaan toepas en sekere goed verander.

Wally Weber

Faith happens - ‘n moet sien fliek!!

Filmmaker Rick Garside het ’n film gemaak oor die plek wat sy lewe van rigting laat verander het: die kerk wat hy as kind gereeld bygewoon het. Saam met die Hollywood legende, Pat Boone, as uitvoerende direkteur, het hulle die film **FAITH HAPPENS** gemaak, gebaseer op ware gebeure in Garside se kerk.

Hierdie kragtige drama is gepak met emosie en mag en teiken issues soos huislike geweld, misdaad, korrupsie, aborsie, godsdienstige vervolg-ing, dwelmmisbruik, egbreuk, egskeiding, siekte, gebrokenheid en die verlies van jou geliefdes. Mense wonder altyd waarom slegte goed met gelowiges gebeur en of God nog daar is en na ons omsien. **FAITH HAPPENS** werp lig of hierdie immer tergende vraag. Hierdie fliek neem die kyker op ’n persoonlike reis wat wys dat God realiteit en teenwoordig in elke situasie is.

Die film begin die 21ste Augustus in Suid-Afrika draai, en met julle ondersteuning kan ons dit vir baie weke in die teaters sien. Christelike film vrystellings het die ondersteuning van plaaslike kerke, selgroepe en individue nodig om te verseker dat dit slaag en die weg oopmaak vir meer Christelike filmvrystellings in die filmwêreld.

Die Here hou wag...

Donderdagaand, half tien, lui my telefoon. Dis Frieda. Hul skoonseun, Johan Lottering, was in ‘n motorongeluk en hulle vat hom hospitaal toe. Bid asseblief.

Die Maandagoggend op kantoor kom wys Frieda vir ons foto’s van die voertuig. Hy’s so plat dat jy nie kan glo dat iemand lewendig daar kon uitkom nie. Hy het in ‘n sandlorrie vasgery wat sonder enige ligte of ander aanduiding half in die pad stil gestaan het.

Die voorval het Johan (en die hele familie) geruk, want hy kon dood gewees het. Die bakkie is plat, afgeskryf. Al wat Johan oorgekom het, is ‘n vinger wat gebreek het, en ‘n paar snye en skrape. Die lugsakke van die voertuig het nie ontplooi nie, en Hanlie (vroulief) se kommentaar was “Die engele self was hier die lugsakke”. Nog een van die omstanders by die ongeluk se kommentaar was: “Die Here was hier...”

Dis dan dat die Prediker se woorde in mense gees weerklink: “Die Here hou wag oor die pad van sy troue dienaars” (Spr. 2:8).

Die wese en weelde van Internet

Om die wolk van neerslagtigheid te beveg wat op ‘n ou wil kom afklim in die tye waarin ons leef, vra nogal wilskrag. En dis hier waar die wonders van die moderne tegnologie die nodige afleiding bied. Ek wil so graag bý wees, so graag verstaan wat gaan aan en wat is alles beskikbaar. Vir iemand wat nie met die goeters grootgeword het nie, is dit nogal veel gevra. Die goed is so heeltemal buite jou verwysingsraam-werk. As jy dan ook nie kinders het wat jou die nuwe weë kan leer nie, wil jy alte dikwels voel dis ‘n *lost cause*. So hoor ek van Facebook en Mixit en Twitters (o wag, die laaste twee is mos eintlik selfoon goeters, of nie?) en ek sien op die TV die *Webcam*, en ek vra uit en ek probeer verstaan, maar diegene by wie ek probeer uitvind, is soos ek ook maar nie so lekker by nie...

Maar so kom een van ons jonger manne by Lewensverryking en inspireer ons om dit wat tot ons beskikking is, ordentlik te gebruik. En dis ‘n nuwe wêreld. Skielik voel die land sommer klein. Soos ‘n gedagte stuur ons ‘n briefie uit, op een keer na byna 3000 adresse toe! Almal mense wat al by die seminare was, en die reaksie is heerlik!

Vir die uitstuur moet ons dankie sê vir Christo Fourie van Internet-SA wat ons goeters gratis vir ons uitstuur. Ons hoef maar net te vra. Mag die Here jou ryklik seën, Christo, vir hierdie fasiliteit wat jy met soveel geduld vir ons bedryf.

Getuienisse oor Radio Rippel

In ons vorige nuusbrief het ons vertel dat ons deesdae op Radio Rippel, wat in Pretoria en omstreke uitsaai, adverteer. ‘n Ruk terug kry ons toe een aand ook die geleentheid om op radio te gesels. Deon het ‘n klompie seminaargangers gevra om te kom vertel wat die seminaar vir hulle beteken het. Dit was ‘n besonderse program, aangrypende vertellings van wat die Here by die seminare in mense se lewens doen. Ons het net weer beleef hoedat die Here ons seminare gebruik om mense nuut te maak. Maar, ‘n bonus, daar het ons toe sommer nog ‘n reklame opsie: die CD wat daarvan gemaak is: As julle so ‘n CD wil hê, kan julle gerus die kantoor bel en een bestel. Julle kan dit dan self kopieer en versprei en op dié wyse vir ons reklame maak.

Nog ‘n Vroueseminaar!!

Ons eerste Vroueseminaar was ‘n groot lekkerte. Na die terugvoer is die aanvraag van dames wat toe nie plek gekry nie, baie sterk vir nog ‘n Vroueseminaar vanjaar. Daar is toe besluit om van **23 - 25 OKT.** weer so te maak!!

Seminare vir die res van die jaar

September

4 - 6	Geestelike Verdieping - Middelburg
23 - 27	Egpaar en Egpaaropvolg - Middelburg

Oktober

30 **Sept**. – 4 Okt.	Tiener- en Tiener Opv. Kwaggasrus
16 - 18	Huweliksvoorbereiding – Middelburg
23 – 25	Vroueseminaar

November

27 Nov. – 1 **Des**.	Enkelseminaar - Middelburg

Desember

4 – 8	Egpaar en Egpaar Opvolg - Middelburg
9 - 13	Kaapse Tiener- en Tiener Opvolgseminaar – Bergkroon